

17 Februarie

Skrifgedeelte: Markus 7:24-30

Fokusgedeelte: Markus 7:24-30

Genade vir hondjies

Hierdie vrou was 'n nasaat van die Kanaäniete, Israel se groot vyande toe hulle by die beloofde land aangekom het. Die “kinders” van wie Jesus hier praat is 'n verwysing na die Jode. Die Jode het dikwels na die nie-Jode verwys as “hondjies”, want hulle het geglo dat die heidense volke net so min deur God geseën sou word as wat 'n hond deur Hom geseën sou word. As Jesus van die “hondjies” praat, sê Hy bloot daarmee vir die vrou dat die boodskap van die koninkryk in die éérste plek bedoel is vir die Jode. Die vrou bly egter by die beeld van die hondjies en antwoord dat die hondjies darem van die kindertjies se oorskiet onder die tafel eet.

Net soos by die heidense offisier (Luk 7:9) praat Jesus van 'n “groot geloof” by hierdie vrou (Matt 15:28). Jesus is die Messias, ook vir die heidene, en die enigste toegang tot Hom is nie herkoms of stand nie, maar geloof!

Sing: Psalm 66:2, 7 (p. 320)

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)